*Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete*, Patmos-Verlag Düsseldorf. Bank III, Heft 1–2; Band IV, Heft 1–2.

Reeds vroeër het ons op hierdie oorsig van die literatuur oor Bybel en aanverwante onderwerpe, wat deur 'n reeks van R.K. geleerdes in verskillende lande versorg word, die aandag gevestig. Die aantal tydskrifte in die verskillende lande is teenswoordig so groot, dat dit vir een mens nie meer moontlik is om almal te volg nie. Ons kan dus maar net dankbaar wees dat deur middel van die Zeitschriftenschau met sy kort inhoudsopgawe van elke artikel wat oor die Bybel verskyn het, die arbeid verlig word. Die sistematiese indeling maak dit moontlik om sonder veel tydverlies 'n oorsig te kry oor wat oor 'n bepaalde onderdeel in die afgelope jare verskyn het. Vir biblioteke is dit 'n onmisbare instrument, en elkeen wat ver van die sentra van Bybelwetenskap woon kan nie beter doen as om met behulp van hierdie werk sy eie literatuurlyste te kontroleer en aan te vul. Band III bespreek die literatuur van 1954/55; Band IV die van 1955/56.

A. van Selms